# DIE ARBEIDSTEKORT AAN DIE KAAP, 1652-1662*

Gedurende die tydperk 1652-1662 was die arbeidstekort aan die Kaap besonder akuut. Dit is verstaanbaar wanneer in aanmerking geneem word dat die verversingspos van uit die grond uit opgebou moes word. Die belangrikste verskynsel tydens hierdie jare is dan ook die geweldige hoeveelheid werk wat deur 'n beperkte getal werkkragte verrig moes word.

*Die Vraag na Arbeid*

Volgens sy instruksies moes Jan van Riebeeck o.m. 'n fort en woon- en pakhuise oprig, stalle aanbring, tuine aanlê, 'n suksesvolle veehandel met die Hottentotte aanknoop, die binneland verken en die oog rig op ondernemings wat vir die Kompanje winsgewend kon wees.

Gedurende die eerste twee jaar het die oprigting van die Fort en die woon- en pakhuise die meeste arbeidskragte vereis. In Mei 1652 het reeds 116 man uit 'n totaal van 135 aan die Fort en die buitegeboue gewerk. Soms was feitlik al die beskikbare arbeidskragte daarby betrokke. In Oktober 1652 het 'n groepie Hottentotte onverwags hul verskyning gemaak. Daar is gevrees dat hul ware motief nie veeruil nie, maar spioenasie was. Gevolglik is alle ander werk tydelik opsy geskuif, sodat almal met die werk aan die Fort behulpsaam kon wees om dit in 'n goeie toestand van verdediging te bring.

Die voltooiing van die Fort in Desember 1653 het nie beteken dat dit nie daarna nog werk vereis het nie, want dit moes kort-kort herstel word. In 1660 is dit selfs gedeeltelik herbou.

Namate die verversingspos groter geword het, het die verdediging daarvan vereis dat bykomstige verdedigingsinstallasies opgerig moes word. Dit het die vorm aangeneem van 'n aantal redoute in die Skiereiland en op Robbeneiland, op Dasseneiland en in Saldanabaai.

Arbeid was ook nodig vir die oprigting van 'n landingshoof. Die werk daaraan het byna twee jaar in beslag geneem. In 1656 is die hospitaal voltooi en twee jaar later ook die graanskuur. Die werk aan die skuur het ongeveer ses maande lank geduur. In 1658 is ook 'n vuurtoring op Robbeneiland opgerig. Die volgende jaar is 'n beeskraal agter die Fort opgemessel, terwyl 'n stal vir die skape op Robbeneiland opgerig is.

Dit is ongelukkig nie bekend hoeveel arbeiders by die bogenoemde werke betrokke was nie.

Gedurende die eerste vyf jaar was die robbevangs en die bewerking van robbevelle die bedryf wat die meeste arbeiders vereis het. Vyf of ses maande van die jaar — gewoonlik van Oktober tot Februarie, maar soms tot in April — wanneer dit jagseisoen was, was feitlik tot die helfte

*'n Uittreksel in verwerkte vorm van 'n M.A.-verhandeling *Die Arbeidsvraagstuk aan die Kaap, 1652-1662* (U.S. 1969.)

van die nedersetting regstreeks of onregstreeks daarby betrokke. Die rede waarom so 'n groot getal werkkragte by die vangs ingespan is, was dat Van Riebeeck en die Bewindhebbers aanvanklik gedink het dat dit groot finansiële voordeel vir die Kompanjie kon inhou.

Teen die einde van 1652 het die vangs alreeds 25 arbeiders vereis en in Januarie 1655 was 35 man regstreeks daarmee besig. Onregstreeks was ongeveer 70 persone daarby betrokke. Op daardie tydstip het die verversingspos oor ongeveer 150 arbeidskragte beskik. Teen 1656 het die robbevangs geleidelik begin afneem omdat die mark vir robbevelle al hoe swakker geword het. In Februarie 1657 is die robbevangs gestaak. Op hierdie tydstip was ongeveer 30 man regstreeks by dié bedryf betrokke.

Aanvanklik het die verbouing van graan en kweek van groente op 'n klein skaal geskied. In Desember 1652 was daar slegs 8 voltydse tuiniers uit 'n totaal van 110 werkkragte. In 1655 het die Kompanjietuin slegs 12 morge beslaan. Om dit te bewerk, was 24 tuiniers nodig.

Met die staking van die robbevangs (Februarie 1657), het akkerbou die belangrikste bedryf geword. Ten einde die Kaap selfvoorsienend te maak, moes die produksie van landbouprodukte op 'n groter skaal aangepak word. Teen April 1657 was 51 manspersone by die akkerbou betrokke. Teen 1658 is 74⅔ morg landbougrond deur die Kompanjie bewerk, en in 1661 het dit alreeds tot 250 morge toegeneem. Dit verskaf 'n aanduiding van die geweldige uitbreiding ten opsigte van die akkerbou en die daarmee gepaard gaande vraag na arbeid. Op Robbeneiland en Dasseneiland is ook tuine aangelê. Dit is bewerk deur diegene wat op die eiland gestasioneer was.

Gedurende 1652-1662 het 305 skepe die Kaap besoek. Aan almal moes vars vleis voorsien word. Dikwels het die Hottentotte met hul vee na die Fort gekom, maar soms moes die Blankes hulle gaan opsoek. Die vraag na arbeid vir ruilekspedisies was dus periodiek. Aanvanklik is 'n klein getal manne aan ruilekspedisies afgestaan. In November 1652 is 'n ekspedisie uitgestuur wat uit sewentien of agtien Blankes bestaan het. Mettertyd het die Hottentotte stroewer en meer uitdagend geword en gevolglik moes die ekspedisies vergroot word. Teen 1655 skryf Van Riebeeck dat slegs groepe van 40 tot 50 man voldoende was om 'n ekspedisie te vorm.

Namate die veestapel aangegroei het, het die veeboerdery al hoe meer arbeiders vereis. In Desember 1652 was daar bv. slegs twee beeswagters; in 1655 was daar alreeds twaalf; en teen 1657 het die getal beeswagters op veertien of vyftien te staan gekom. Dikwels het die veeboerdery ook onregstreeks 'n groot getal werksmense vereis. Teen April 1655 was daar byvoorbeeld 30 of 40 soldate nodig om die beeste te bewaak ten einde te verhoed dat die Hottentotte die beeste steel.

Daar is ook verskeie ontdekkingstogte onderneem. Dit het soms meegebring dat soos in die geval van Jan Dancaert se ontdekkingstog (1660-1661), dertien persone meer as twee maande lank daarvoor afgestaan moes word.

Uit die voorafgaande kan 'n denkbeeld gevorm word van die groot verskeidenheid take waarvoor arbeiders nodig was en die omvang van die vraag na arbeid gedurende die eerste tien jaar van die nedersetting.

*Bronne van Arbeid — die beskikbare arbeid*

Normaalweg word daar in die produksieproses twee groepe onderskei, tw. werkgewers en werknemers — ondernemers en arbeiders. 'n Arbeider is normaalweg iemand wat in opdrag van en ten bate van 'n ondernemer goedere of dienste lewer en daarvoor 'n vasgestelde (d.w.s. kontraktuele) vergoeding in die vorm van geld of goedere ontvang. Tydens Van Riebeeck te bestuur is daar egter ook van gedwonge arbeid gebruik gemaak wat 'n sekere rol in die produksieproses gespeel het. Derhalwe moet ook aan slawe- en bandiete-arbeid aandag gegee word.

Gedurende die aanvangsjare van die verversingspos was daar drie soorte arbeidskragte, t.w. die garnisoen, vry blanke knegte en besoekende skeepsvolk.

Die garnisoen het bestaan uit die Kompanjiesdienaars wat aan die Kaap gestasioneer was. Kompanjiesdienaars wat hul kontrakte uitgedien het, is op retoerskepe geplaas, terwyl plaasvervangers van die uitvarende skepe gelig is.

Die onderstaande tabel verskaf 'n oorsigtelike beeld van die garnisoen gedurende die periode 1652-1662.

| *Datum* | | *Getal* | |
|---|---|---|---|
| 1652 | (April) | ± 100 | |
| 1652 | (Mei) | ± 135 | |
| 1652 | (Desember) | 110 | |
| 1653 | (Mei) | 114 | |
| 1653 | (Julie) | ± 110 | |
| 1653 | (Augustus) | 130 | (Engelse gevaar) |
| 1654 | (Jan.—Des.) | 130—140 | (Engelse gevaar) |
| 1655 | (Januarie) | 150 | |
| 1655 | (Februarie) | 117 | |
| 1655 | (Julie) | ± 140 | (Portugese gevaar) |
| 1655 | (Oktober) | ± 150—160 | (Portugese gevaar) |
| 1656 | (Maart) | 133 | |
| 1657 | (Maart) | 124—130 | |
| 1657 | (April) | 100 | (Instelling van vryburgers) |
| 1657 | (Mei) | 103 | |
| 1658 | (Februarie) | 91 | |
| 1658 | (April) | 82 | (Aankoms van slawe) |
| 1658 | (Mei) | 95 | |
| 1658 | (Junie) | 97 | |
| 1658 | (Julie) | ± 115 | (Hottentot-gevaar) |
| 1659 | (Maart) | 77 | |
| 1659 | (Julie) | ± 100 | (Hottentotoorlog) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1660 | (Jan.—Des.) | 100—124 | (Engelse gevaar) |
| 1661 | (Maart) | 120 | |
| 1661 | (April) | ± 160 | (Franse gevaar) |
| 1662 | (April) | 120 | |
| 1662 | (Mei) | 120 | |

Uit die voorafgaande blyk dit dat die grootte van die garnisoen aansienlik gewissel het. Faktore soos die besuinigingsbeleid van die Kompanjie, die dreigende Hottentot-gevaar en die gevaar van Europese vyande, die instelling van die vryburgers en die koms van slawe, het die garnisoensterkte beïnvloed.

Die garnisoen, wat aanvanklik die enigste bron van arbeid was, is vir alle soort werk gebruik.

'n Neweproduk van die garnisoen was plaaslike bandiete. Hulle was garnisoensvolk wat weens die een of ander oortreding in kettings geplaas is en dwangarbeid verrig het. Nadat die vonnis uitgedien was, is hulle weer in die garnisoen opgeneem.

Die vry blanke knegte het in 1657 op die toneel verskyn. In Februarie is vryburgers ingestel. Daar was twee soorte vryburgers, t.w. diegene wat selfstandige ondernemings aangepak het — d.w.s. ondernemers was — en ander wat dit nie gedoen het nie, maar hulle aan lede van die eersgenoemde groep of aan Kompanjiesamptenare verhuur het. Hulle het 'n vasgestelde loon ontvang en was dus arbeiders.

Net soos die garnisoensvolk het die vry blanke knegte alle soorte werk verrig. Dit het natuurlik afgehang van die ondernemig van die persoon in wie se diens hulle was. Die volgende tabel toon die getal vry blanke knegte aan:

| *Jaar* | *Getal* |
|---|---|
| 1657 | 3 |
| 1658 | 26 |
| 1659 | Nie beskikbaar nie. |
| 1660 | 35 |
| 1661 | 42 |
| 1662 | 57 |

Die derde arbeidsbron waaroor die Kompanjie aan die Kaap beskik het, was skeepsvolk van verbyvarende skepe.

Van Riebeeck het die reg gehad om skeepsvolk vir diens op land te gebruik. Volgens artikel 129 van die Generale Artikelbrief van 1634, wat as die wetboek van die Kompanjie beskou kan word, kon offisiere, skeepsvolk en, indien omstandighede dit vereis het, enige ander Kompanjiesamptenaar, verplig word om met enige soort werk op land behulpsaam te wees. Die Direkteure het dan ook herhaaldelik aan Van Riebeeck verlof gegee om skeepsvolk vir arbeid op land te gebruik. In 1653 is selfs bepaal dat alle vlootvoogde of skippers van Kompanjieskepe wat van of na Oos-Indië vaar, met hul aankoms in *Patria* aan die Here XVII, of in Batavia aan die Hoë Regering, 'n skriftelike bewys van Van Riebeeck moes voorlê waarin aangetoon word watter hulp verleen is.

Ten spyte van die bogenoemde maatreëls, het skeepsvolk vóór 1657 weinig hulp verleen. In April van daardie jaar het kommissaris Van Goens aan Van Riebeeck volmag gegee om al die bevelvoerders van Kompanjieskepe te beveel om aan hom skeepsvolk af te staan ten einde die seehoof so spoedig moontlik te voltooi.

Benewens die seehoof, is skeepsvolk ook vir ander werk gebruik. Op 13 Julie 1659, toe die Hottentotoorlog aan die gang was, is byvoorbeeld 'n kommando van 150 persone uitgestuur, waarvan 80 soldate van die *Honingen* was. Skeepsvolk is ook gebruik om landerye skoon te maak en om met die oprigting van vestingwerk behulpsaam te wees.

*'n Arbeidstekort*

In April 1652 het Van Riebeeck gekla dat van die vrugbare grond tussen Tafelberg en Leeukop weens die arbeidstekort nie eenhonderdste bewerk sou kon word nie. Die volgende maand het hy daarop gewys dat die tekort aan arbeidskragte die werk aan die Fort grootliks gestrem het. In Oktober 1655 moes die steenbakkery gestaak word omdat die robbevangs hervat moes word en daar nie genoeg arbeidskragte was om albei bedrywe te behartig nie. In Julie 1657 moes die werk aan die landingshoof 'n tydlank onderbreek word, ten einde die graanskuur gouer te voltooi. Ten slotte het Van Riebeeck in April 1662 vir die soveelste keer die feit betreur dat hy onvoldoende arbeidskragte gehad het.

Gedurende die jare 1652-1662 kon die beskikbare arbeid, t.w. die garnisoen, die vry blanke knegte en die skeepsvolk, dus nie in die vraag na arbeid voorsien nie en was daar gevolglik 'n arbeidstekort.

*Oorsake vir die Arbeidstekort*

Die belangrikste faktor wat tot die arbeidstekort gelei het, was die beleid, en in besonder die besuinigingsbeleid, van die Kompanjie. Soos bekend, was die Kompanjie 'n handelsmaatskappy wat op winsbejag ingestel was. Die resultaat hiervan was dat Van Riebeeck, wat van geaardheid pligsgetrou was, ooreenkomstig die instruksies van die Here XVII, allerlei ondernemings aangepak het met die doel om die inkomste te vergroot en uitgawes te bestry. Vandaar dat Van Riebeeck byvoorbeeld soveel aandag aan die robbevangs bestee het, wat later geblyk het onwinsgewend te wees. Die talle togte na die binneland het ook, finansieel gesien, bloedweinig opgelewer. Sodoende is ander, belangrike werk, afgeskeep. Van Riebeeck se arbeidsveld was gevolglik veel wyer as wat die beskikbare arbeidskragte kon behartig.

In April 1657 het die Here XVII hul ontevredenheid oor die verspilling van arbeidskragte te kenne gegee. 'n Paar maande later het die Raad van Indië Van Riebeeck beveel om nie gelyktydig soveel bedrywighede aan te pak nie en dat hy die verversingspos beknop moes hou. Die Direkteure was dieselfde mening toegedaan. Dog, tydens Van Goens se besoek in April 1657 het hy ondermeer beveel dat akkerbou op 'n

groter skaal aangepak moes word, dat versterkings aan die Fort aangebring moes word en dat drie waghuise opgerig en 'n seehoof aangelê moes word. In April 1658 het die Direkteure al die bogenoemde instruksies goedgekeur.

Dit het eintlik 'n ironiese situasie geskep: enersyds het die Here XVII geoordeel dat die verversingspos verder uitgebou moes word en dat die plaaslike arbeidsbron in die proses addisionele werk moes aanpak; andersyds het hulle vereis dat die verversingspos beknop moes bly. Van Riebeeck was geneig om eerder die eersgenoemde oogmerk na te streef.

Die Bewindhebbers was ook nie, ooreenkomstig hul besuinigingsbeleid, bereid om 'n groot garnisoen aan die Kaap af te staan nie. Van Riebeeck is telkens vermaan om die getal salaristrekkers aan die Kaap so klein moontlik te hou. Die paar geleenthede wat die Bewindhebbers wel 'n versterking van die garnisoen toegestaan het, was dit slegs 'n tydelike verdedigingsmaatreël, soos byvoorbeeld in Augustus 1653 toe die Engelse die Kaap bedreig het.

Voorts het Van Goens in April 1657 Van Riebeeck verbied om voortaan die garnisoen na willekeur uit verbyvarende skepe aan te vul.

Alhoewel die vraag na arbeid gedurende die droë maande (d.w.s. Oktober tot April) veel groter as tydens die reëntyd was, is geen voorsiening gemaak om addisionele werkkragte gedurende die bogenoemde maande beskikbaar te stel nie. Inteendeel, die garnisoen is selfs in sulke tye verminder, soos dit o.a. in Januarie 1655 die geval was.

'n Verdere faktor wat die getalsterkte van die garnisoen nadelig beïnvloed het, en sodoende die arbeidstekort vererger het, was die toestande in Oos-Indië. Batavia en die ander Indiese besittings was, gedurende die tydperk wat hier ter sprake is, van veel groter ekonomiese waarde vir die Kompanjie as die Kaap. Om sy posisie in Oos-Indië te handhaaf en uit te bou, moes die Kompanjie noodwendig gedurig oorlog voer. Die belangrikste van hierdie botsings was die langdurige stryd teen vorste van Bantam, geleë op die westelike gedeelte van Java. In Julie 1656 het daar weer eens 'n oorlog uitgebreek wat drie jaar lank geduur het. Dit het groot eise aan mannekrag gestel. In April 1657 is Van Riebeeck deur die Here XVII beveel om met die bestaande garnisoen oor die weg te kom, aangesien dit nie vergroot kon word nie.

Die arbeidstekort is vererger deur die feit dat skeepsvolk 'n onstabiele arbeidsbron was. Wanneer vlote nie by die Kaap aangedoen het nie, soos byvoorbeeld die retoervloot van 1654, is hierdie bron van arbeid uitgeskakel. Voorts kon skeepsvolk slegs met toestemming van vlootvoogde of skippers vir diens op land gebruik word. Soms is die nodige verlof daartoe geweier. In Maart 1653 het die retoervloot van Gerard Demmer by die Kaap aangedoen. Die Breë Raad, met Demmer as voorsitter, wou egter nie Van Riebeeck se versoek vir skeepsvolk goedkeur nie.

'n Volgende faktor wat die arbeidstekort vererger het, was die grootskaalse ongesteldheid van die beskikbare arbeiders, en wat aanvanklik

'n tydelike vermindering in die getal beskikbare arbeidskragte teweeggebring het. Veral gedurende die eerste twee jaar is die verversingspos hierdeur swaar getref. In Junie 1652 was daar slegs 50 persone in die werk. In Julie 1653 was slegs ongeveer 40 lede van die garnisoen in staat om arbeid te verrig. Op daardie tydstip het die garnisoen uit 110 persone bestaan.

Namate die Blankes geakklimatiseer geraak het, het ongesteldheid egter op 'n veel kleiner skaal voorgekom.

Ten slotte het desersie die getalsterkte van die beskikbare arbeidsmag baie nadelig beïnvloed. Toe die lewe aan die Kaap moeilik begin word het, het die werkkragte in toenemende getalle na Nederland gedeserteer.

Vóór 1658 het desersie op 'n redelike klein skaal plaasgevind. Op die retoervloot van daardie jaar het agt lede van garnisoen, ses vry blanke knegte en drie blanke bandiete hulle versteek. Die volgende jaar het onder meer ses lede van die garnisoen, agt knegte en drie bandiete op die retoervloot weggekom. In 1660 het nie minder nie as 20 lede van die garnisoen, drie blanke bandiete en 'n aantal knegte hulle op die retoervloot versteek. Die hoofoorsaak vir die desersie was die aanmoediging deur skeepsvolk. Sommige verstekelinge is selfs teen hul sin deur die skeepsvolk in die bootjies geboender en na die skepe toe geneem. Uit die aard van die saak is die Kompanjie aan die Kaap as gevolg hiervan in 'n arbeidsnood geplaas. Gevolglik moes veel noodsaaklike werk, veral bouwerk, onvoltooi gelaat word omdat talle bouliede en timmerliede op die skepe gedeserteer het. Diegene wat hulle vervang het, moes natuurlik van vooraf geleer word.

### *Pogings om die Arbeidstekort op te los*

Ten einde die bestaande arbeidsmag te behou, is ernstige pogings aangewend om desersie te beëindig. Eerstens is plaaslike pogings aangewend om dit te verhoed en tweedens is die Bewindhebbers se hulp ingeroep.

In September 1652 het die Politieke Raad 'n plakkaat uitgevaardig waarin die ingesetenes gewaarsku is om nie te probeer deserteer nie. Oortreders sou swaar gestraf word.

Op 11 November 1658 is 'n plakkaat uitgevaardig waarvolgens o.m. alle vry blanke knegte ten strengste verbied word om aan boord van die Kompanjie se skepe of vreemde skepe te gaan sonder skriftelike verlof van die kommandeur.

In Augustus 1660 is die ingesetenes gewaarsku om geen hulp aan drosters te verleen nie. Dit was veral gemik teen knegte wat dros.

Naas verbodsbepalings het die Politieke Raad in Mei 1658 besluit dat die hawe en die mond van die Soutrivier twee of drie dae vóór die vertrek van skepe deur die Fiskaal, die Sersant en 'n paar ander manne gepatrolleer moes word met die doel om te verhoed dat o.m. garnisoensvolk en knegte saam met skeepsvolk na die skepe terugkeer.

Ten einde desersie te ontmoedig het die Kommandeur hom ook ten doel gestel om deserteurs swaar te straf. Een deserteur is byvoorbeeld gekielhaal, 150 rottanghoue toegedien en twee jaar lank in kettings geplaas.

Hierdie maatreëls is deur die Politieke Raad op eie inisiatief ingestel. Van Riebeeck en sy Raad het egter besef dat hulle sonder die samewerking van die Bewindhebbers nie hierdie euwel sou kon uitskakel nie. Die Bewindhebbers is gevolglik versoek om deserteurs swaar te straf en om maatreëls in werking te stel om te verhoed dat skeepsvolk die werkkragte aanmoedig om te deserteer.

Sowel die Here XVII as die Hoë Regering het hulle volle samewerking beloof. In hul skrywe van September 1659 het die Here XVII 'n plakkaat ingesluit waarin o.a. bepaal is dat skeepsoffisiere, matrose of soldate van die retoerskepe wat op enige wyse aan deserteurs hulp verleen, hulle blootstel aan die verlies van hulle volle loon wat hulle op die tuisreis sou verdien het. Skeepsrade is ook verplig om deserteurs geboei aan die Here XVII of hul verteenwoordiger uit te lewer.

Op 3 Januarie 1660 het Van Riebeeck die bogenoemde waarskuwings woordeliks deur middel van 'n plakkaat bekend gemaak. Dog, twee maande later het, soos hierbo aangetoon, weer 'n groot getal werkkragte daarin geslaag om te deserteer.

In Augustus 1660 het die Kamer van Amsterdam gevolglik aan die bevelvoerder en offisiere van die retoervloot van Desember 1660, instruksies gestuur waarin hulle beveel is om hul matrose en soldate strenger te beheer.

Alhoewel die getal deserteurs in 1661 aansienlik minder was as wat in 1660 die geval was, bly die feit egter staan dat werkkragte t.s.v. die teenmaatreëls, tog daarin geslaag het om te deserteer, sodat hierdie pogings om 'n vaste arbeidsbron te verseker, en sodoende die arbeidstekort te verlig, nie volkome geslaag was nie.

Omdat die Bewindhebbers nie geneë was om meer vaste blanke arbeiders vir die Kaap af te sonder nie, en t.s.v. Van Riebeeck se vertoë, is daar eerder pogings aangewend om die garnisoen klein te hou, en sodoende uitgawes te besnoei. Gevolglik is daar gepoog om addisionele werkkragte onder nie-blankes te vind.

Hoewel pogings in die werk gestel is om die Hottentotte diensbaar te maak, was dit egter duidelik dat die Bewindhebbers in soverre dit die geaardheid van die Hottentotte betref het, onder 'n wanindruk verkeer het. Hierdie wanindruk was waarskynlik te wyte aan die *Remonstrantie* van Janszen en Proot. Hierdie dokument het verklaar dat die Hottentotte van nature vriendelike en hulpvaardige mense was en dat hulle mettertyd deur die Blankes in diens geneem sou kon word. In Desember 1652 het die Hoë Regering gevolglik die hoop uitgespreek dat sodra die Hottentotte hulle nader aan die Fort kom vestig, hulle, in plaas van slawe, oorreed sou word om allerhande werk te doen.

Die Kaap was egter nie deur arbeidsame persone, soos die Chinese en Indiërs bevolk nie, maar wel deur mense wat oorwegend lui, onbetrou-

baar en afkeurig van dissipline was. Die meeste vroeë besoekers, Van Riebeeck inkluis, het nie 'n hoë dunk van die Hottentotte gehad nie.

Ten spyte van sy persoonlike gevoelens, het Van Riebeeck egter geen steen onaangeroer gelaat om die Strandlopers en Kaapmans te beweeg om vir die blankes te werk nie. Sy vreugde was groot toe hy ná 'n jaar daarin slaag om 'n aantal Kaapmans sover te kry om houtpale uit die bos aan te dra. Hulle moes egter eers met drank, voedsel en tabak omgekoop word. Dieselfde aand is weer eens drank en tabak aan hulle verskaf. Van Riebeeck se vreugde was egter van korte duur. Toe hy die volgende dag weer probeer om dieselfde Hottentotte sover te kry om houtpale aan te dra, was hulle nie daarvoor te vinde nie, „wijsende dat door't dragen van gister al te seer vermoeijt waren". 'n Paar dae later het Van Riebeeck egter weer eens daarin geslaag om vyf Hottentotte by die bos te kry, maar, soos voorheen, het hulle weinig werk verrig. Nietemin het die Kaapmans, en soms ook die Strandlopers, brandhout versamel. Die Kaapmans het ook by geleentheid traan gebrand, verkenningsekspedisies vergesel, as bodes diens gedoen, sout geraap en klein takies in die tuine verrig. Teen 1662 was daar ook al 'n paar Hottentotmeidjies wat by getroude blankes gewerk het.

In Oktober 1654, nadat 'n aantal Hottentotte hulself vir arbeid beskikbaar gestel het, is 'n paar na Dasseneiland gestuur om met die robbevangs behulpsaam te wees. Dit het egter spoedig geblyk dat hulle slegs 'n steurnis op die eiland was. Hulle optrede was sodanig dat een man voortdurend 'n ogie oor hulle moes hou en waardeur hy uit die werk gehou is.

Die feit dat die Hottentotte nie begerig was om gereelde en swaar werk te doen nie en vir arbeid wat inisiatief en diskressie vereis het, nie gebruik kon word nie, 'n voorliefde vir 'n swerwersbestaan en 'n sterk stamverband gehad het, het van hulle 'n wisselvallige en ondoeltreffende arbeidsbron gemaak. Die getal Hottentotte wat brandhout versamel het, was ongeveer 20 in getal en dit is te betwyfel of méér ooit gelyktydig diens gedoen het.

Uit die voorafgaande blyk dit dat Van Riebeeck se pogings om die Hottentotte as loonarbeiders te gebruik, nie juis suksesvol was nie. Namate die verhouding tussen die Hottentotte en die Blankes versleg het, o.m. as gevolg van die diefstal van al die Kompanjie se vee in Oktober 1653, het Van Riebeeck daaraan gedink om Hottentotte as dwangarbeiders te gebruik.

In April 1654 het hy dit selfs oorweeg om die Kaapmans en Strandlopers te oorweldig en hulle as bandiete te gebruik, aangesien hulle ten opsigte van die robbevangs en die bewerking van die beoogde silwermyne goeie diens sou kon lewer. Teen só 'n stap het hy geen gewetensbeswaar gehad nie, omdat hy die standpunt gehuldig het dat hulle per slot van sake niks anders as misdadigers was nie.

Hoewel Van Riebeeck hierna herhaaldelik in dié verband aan die Here XVII en die Hoë Regering geskryf het, was die Bewindhebbers

nie ten gunste van geweld nie. Inteendeel, die Hottentotte moes met 'n gees van vriendskap bejeën word. Gevolglik het Van Riebeeck noodgedwonge dié idee laat vaar. Tydens die tydperk 1652-1662 is Hottentotte dan ook nooit as dwangarbeiders gebruik nie. Drie is weliswaar in Julie 1658 na Robbeneiland verban, maar is nie gedwing om te werk nie.

Van Riebeeck het 'n baie hoë dunk van die Chinees as arbeider gehad. In 1656 het hy na Batavia geskryf en versoek dat 'n aantal insolvente Chinese wat die Kompanjie geld geskuld het wat hulle nie kon betaal nie, en gevolglik as bandiete gebruik is, na die Kaap gestuur moes word. Nadat hulle ter vereffening van hul skulde genoeg arbeid gelewer het, sou hier aan hulle grond gegee word en wat hulle dan ten behoewe van hulself kon bewerk.

Die Hoë Regering het geantwoord dat hulle nie Chinese bandiete kon stuur nie omdat die paar wat die Kompanjie geld geskuld en vir hom gewerk het, ter plaatse onmisbaar was. Gevolglik het hierdie poging van Van Riebeeck om Chinese bandiete vir die Kaap te werf, misluk.

Hoewel Van Riebeeck Chinese verkies het, was die arbeidstekort só ernstig dat hy enige ander bandiete sou verwelkom het. In April 1655 het hy te kenne gegee dat hy bandiete uit die buiteland vir die robbevangs wou gebruik, aangesien die lede van die garnisoen baie teësinnig was om hierdie vuil werk te verrig. Die volgende jaar is daar inderdaad drie bandiete na die Kaap gestuur.

Aan die Kaap was altyd slegs 'n handjievol bannelinge en plaaslike bandiete. In April 1657 was daar bv. ses. Die volgende maand het die getal op tien te staan gekom. In Februarie 1658 was daar ook tien, maar twee maande later het die getal na vyf verminder. Die volgende maand (t.w. Mei) was daar sewe. In Maart 1659 was daar 15, waarvan ses uit Batavia afkomstig was. In 1662 was daar slegs vier bannelinge aan die Kaap. Al hierdie bandiete het vir die Kompanjie gewerk.

Die getal bandiete het dus voortdurend gewissel. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat hulle dikwels daarin geslaag het om met aandoenende skepe te ontsnap en dat ander, wanneer hulle strawwe, of 'n gedeelte daarvan, uitgedien was, vrygestel is. Slegs enkele bandiete was vir lewenslank gevonnis.

Bandiete is hoofsaaklik vir die moeilike en onaangename werk gebruik. Hulle het bv. in die steengroewe op Robbeneiland gewerk. Aangesien hul getal egter deurgaans klein was, het hulle geen noemenswaardige bydrae tot die oplossing van die arbeidstekort gelewer nie. Die feit dat hulle gedurig dopgehou moes word, het ook meegebring dat ander arbeiders uit produktiewe werk gehou is.

'n Verdere poging wat Van Riebeeck en sy Raad aangewend het om die arbeidstekort op te los, was om slawe in te voer. Eintlik sou 'n mens aan die Kaap nie slawe verwag nie, omdat daar in die Skiereiland 'n groot inboorlingbevolking was. Die Kompanjie self het trouens slegs op 'n klein skaal van slawe-arbeid gebruik gemaak. Dit was egter die besuinigingsbeleid van die Kompanjie wat tot die invoer van slawe

aanleiding gegee het. Slawe-arbeid is beskou as goedkoop arbeid, en indien die Kaap oor slawe beskik, kon die getal Kompanjiedienaars verminder word en die Kompanjie sodoende bespaar. Só het Van Riebeeck die saak aan die Here XVII gemotiveer. Verder het Van Riebeeck ook onder meer daarop gewys dat die Blankes syns insiens dan ook nie so hard hoef te werk nie — wat natuurlik die begeerte om van die Kaap af weg te kom, sou verminder.

Van Riebeeck het aanvanklik gehoop om uit Batavia slawe te kry, maar omdat Batavia geen slawe aan die Kaap kon afstaan nie, het hy later sy oog op Madagaskar, Angola en Guinee gerig. Die Bewindhebbers het hul volle samewerking verleen, en in 1657 het die Direkteure twee vaartuie gestuur, uitsluitlik met die dóel om die Kaap van slawe te voorsien.

In April 1657 was daar slegs 11 slawe aan die Kaap, t.w. drie mans en agt vrouens. Die Kommandeur self het een slaaf en vier slavinne besit. In Junie was daar 12 slawe, insluitende ses Kompanjieslawe wat aan die vernaamste amptenare uitgeleen is. In Februarie 1658 was daar egter slegs vyf slawe.

Op 27 Maart het daar onverwags 'n groot aantal slawe aangekom. Die *Amersfoort*, wat aan die kus van Brasilië 'n Portugese slaweskip buitgemaak het, het 250 van die beste Angoolse slawe van die Portugese vaartuig gelig en waarvan 174 die seereis na die Kaap oorleef het. Hierdie mense was feitlik almal baie swak weens die lang en ononderbroke seereis.

Vroeg in Mei het die *Hasselt*, een van die vaartuie wat die vorige jaar spesiaal afgestaan is om die Kaap van slawe te voorsien, met 228 Guinese slawe, wat aan die kus van Dahomé geruil is, sy verskyning gemaak. Gevolglik het die Politieke Raad op 8 Mei besluit dat daar nou genoeg slawe aan die Kaap was, en is die oorblywende slawe, in ooreenstemming met die Kamer van Amsterdam se bevele, na Batavia gestuur.

Waar daar in Februarie 1658 slegs vyf slawe aan die Kaap was, het die getal in Mei 1658 op 187 te staan gekom. Hiervan het die vryburgers en hoë amptenare altesame 89 besit, terwyl die Kompanjie 98 gehad het.

Op hierdie stadium het dit gelyk asof die arbeidstekort iets van die verlede was, maar daar was sekere faktore wat spoedig 'n snelle afname in die getal slawe bewerkstellig het. Die vernaamste was siekte. Dit kan deels toegeskryf word aan die verswakte toestand waarin hulle — veral die Angoolse slawe — by die Kaap aangekom het en deels aan klimaatsverandering.

Alhoewel die Guinese slawe groter, sterker en beter as dié van Angola was, het hulle dit moeiliker gevind om hulle by die Kaapse toestande aan te pas. Toevallig het die Guinese slawe juis aan die begin van die winter by die Kaap aangekom, sodat hulle nie geleentheid gehad het om te akklimatiseer nie.

Nog 'n oorsaak vir die hoë ongesteldheid- en sterftesyfer onder hierdie arbeidsbron, was die feit dat Van Riebeeck, ooreenkomstig sekere instruksies, die swakste en die siekste slawe moes agterhou, en die sterkstes en bestes na Batavia moes stuur. Diegene wat agtergehou is, het gevolglik al die bejaardes en kreupeles ingesluit. Reeds in 'n brief van 22 Mei 1658 het Van Riebeeck berig dat ongeveer twee-derdes van die Guinese slawe wat agtergehou is, siek was. Teen die einde van September 1658 het die Kompanjie 83 slawe gehad. In Maart 1659 het die getal tot 60 afgeneem en in 1662 het die getal op 59 te staan gekom.

Dit blyk dus dat die getal Kompanjieslawe, ten spyte van die natuurlike aanwas, geleidelik verminder het. Dit het ook vir die slawe van die vryburgers gegeld. In Maart 1661 het hulle 39 slawe besit en in 1662 slegs 23. Van 1658 tot 1662 het die getal slawe aan die Kaap van 187 na 106 verminder.

Nog 'n faktor wat hierdie arbeidsbron nadelig beïnvloed het, en die arbeidstekort tydelik vererger het, was die feit dat weglopery aanvanklik dikwels voorgekom het.

Op 3 Junie 1658 het bv. vyf Angoolse slawe en twee slavinne van die Kompanjie gedros. In die loop van die maand het nog 'n verdere nege slawe van die vryburgers weggekom. Wat belangrik is, is dat die slawe gedros het op 'n tydstip toe hulle baie nodig was, aangesien dit saaityd was. Op 5 September het nie minder nie as 14 slawe hulle uit die voete gemaak. 'n Paar dae later het die vryburgers ongeveer die helfte van hulle slawe, wat die Kompanjie op krediet aan hulle verskaf het, teruggegee omdat hulle voortdurend weggeloop het en net 'n ergenis was.

Hierdie syfers gee 'n mens 'n aanduiding van die groot afmeting wat drostery onder die slawe aangeneem het en die noodtoestand wat dit in sommige gevalle ten opsigte van produksie veroorsaak het. Alhoewel die meeste slawe slegs tydelik weg was, het die drostery nietemin 'n ernstige arbeidstekort geskep. Ten einde die bestaande arbeidsmag te behou, is ernstige pogings aangewend om hierdie euwel te bestry, deur o.a. soekgeselskappe, bestaande uit Blankes en Hottentotte, uit te stuur. Verder het die Politieke Raad op 28 Augustus 1658, toe 28 slawe op vrye voete was, besluit om al die jong manlike Kompanjieslawe in kettings te plaas. Desverkiesend kon vryburgers dieselfde met hulle slawe doen. Gevolglik is al die jong slawemans van die Kompanjie die volgende dag in kettings geplaas en op 5 September het die vryburgers versoek dat dieselfde met hulle slawe gedoen moes word.

Omdat die Politieke Raad van oordeel was dat een van die redes waarom slawe, veral dié van vryburgers, so baie gedros het, was omdat hulle nie goed behandel is nie, is die vryburgers gewaarsku om hulle nie te slaan, te stoot of uit te skel nie. Hierdie waarskuwing is later herhaal en sedert 6 Augustus 1658 sou die vryburgers nie meer toegelaat word om self hul slawe vir ernstige oortredings te straf nie.

Nog 'n maatreël wat aangewend is om die weglopery van slawe teë te werk, was om slawe wat gevang word, swaar te straf ten einde vir die ander as waarskuwing te dien. So bv. is hulle aan 'n paal vasgemaak, gegésel en gebrandmerk. Daarna is hulle in boeie geplaas tot tyd en wyl hul meesters hulle nodig sou hê. Nadat die drosters hul strawwe ontvang het, moes hulle die onaangenaamste werk verrig.

Die vraag ontstaan nou. Is hierdie maatreël met sukses bekroon? Het dit groter sekuriteit ten opsigte van die arbeidsmag veroorsaak?

Die soekgeselskappe wat deur Blankes onderneem is, het heelwat sukses behaal. Op 5 Maart 1659 het Van Riebeeck aan die Here XVII geskryf dat al die Kompanjieslawe, met die uitsondering van die sewe Angoolse slawe wat eerste gedros het, teruggevind is. Watter persentasie van die vryburgers se slawe nog op vrye voet was, word egter nie deur hom of deur enige ander bron vermeld nie. Soekgeselskappe deur Hottentotte was selde suksesvol.

Die feit dat slawe in kettings geplaas is, het nie die probleem opgelos nie. Op 5 September 1658 het vyf slawe ontsnap „elcg met een kettingh aan de beenen ende een ijsere kneppel aan't eynde hangende". Ewe-eens het goeie behandeling nie verhoed dat slawe wegloop nie. Nadat 'n slaaf van ene Leendert Corneliszen weggeloop het, het Van Riebeeck verklaar dat Corneliszen „een man is die deselve wel't beste van al de vrije lugden is tracterende". Ook die swaar strawwe wat slawe ontvang het, het hulle nie afgeskrik nie. Namate slawe tot die besef gekom het dat hulle deur weg te loop niks kon bereik nie, het hulle daarvan afgesien. In 1659 en daarna word nie meer van weglopery melding gemaak nie.

Hoewel verreweg die meeste slawe dus slegs tydelik verdwyn het, het weglopery ook onregstreeks die arbeidstekort vererger. In September 1658 het 'n soekgeselskap bv. tien dae lank tevergeefs na weggeloopte slawe gesoek — sodoende is heelwat werkkragte uit produktiewe werk gehou.

Die invoer van slawe het nietemin die arbeidstekort verlig. In Maart 1659 het Van Riebeeck aan die Here XVII geskryf dat die invoer van slawe dit moontlik gemaak het om die lede van die garnisoen (wat op daardie tydstip slegs 77 getel het) van handearbeid te verlos; voortaan sou hulle slegs vir die bewaking van die vee gebruik word.

Nadat die slawe in 1658 by die Kaap aangekom het, het Van Riebeeck gemeen dat die arbeidstekort opgelos was. Gevolglik is akkerbou op 'n groter skaal aangepak met die doel om die verversingspos selfvoorsienend te maak. Ten gevolge van die arbeidstekort, kon hierdie ideaal teen 1662 nog nie verwesenlik word nie. In 1671 moes daar nog steeds uit Batavia lewensmiddele ingevoer word. Selfs nadat dit duidelik geword het dat die slawe nie volkome in die arbeidstekort kon voorsien nie, is Van Riebeeck toegelaat om slegs 'n klein garnisoen aan te hou.

Die verversingspos moes natuurlik van meet af aan opgebou word. Met sê 300 werkkragte in 1652 sou die Fort gouer voltooi kon word,

maar om soveel man te huisves en te voed, sou weer 'n groter Fort en 'n hoër voedselproduksie vereis het.

Hoewel die arbeidstekort teen die jaar 1662 nog nie opgelos was nie, is dit interessant om daarop te let dat die Bewindhebbers in November 1661 aan Gerrit van Hoorn, Van Riebeeck se aangewese opvolger wat egter op die reis na die Kaap oorlede is, verlof gegee het om die garnisoen met 100 of 150 man te versterk. Hierdie besluit is betekenisvol indien in aanmerking geneem word dat die garnisoen tydens Van Riebeeck se bewind nooit die 160-merk oorskry het nie. Gevolglik kan die opdrag aan Van Hoorn as 'n keerpunt in die beleid van die Kompanjie in dié opsig beskou word.

J. C. H. Grobler.